Die Christelike Vrou

September 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Vertrou op die Here met jou hele hart!

My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het. Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe. So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens. Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. (Spreuke 3: 1-6, AFR1983)

Die hart op ons prent is gevul met pienk amandelbloeisels, en langs die hart is daar nog pienk amandelbloeisels. Die amandelboom is die eerste boom in Israel wat begin blom in die lente om die nuwe seisoen aan te kondig. Vers 5 sê vir ons om te vertrou op die Here met ons hele hart. Dit maak nie saak in watter seisoen jy jou bevind nie – vertroue op Hom is belangrik.

Die kleur pienk is 'n simbool van God se liefde vir ons asook die genesende krag van sy liefde. Hy het ons eerste liefgehad – dit maak nie saak waar jy in jou lewe is en in watter omstandighede nie, die Here sal ons paaie gelyk maak, ons lei en red. Ons moet op Hom vertrou.

God herstel ons elke dag in moeilike omstandighede waar ons ons mag bevind en die opdraande paaie waarop ons elke dag loop. Vertroue met ons hele hart is baie belangrik, want Hy is ons Skepper – ons vertroue lê nie in onsself nie, maar in God.

Thea

Thea van Rooyen, voorsitter NHSV Rustenburgstreek

Waar Hoop tot aan die Hemel reik
Whom the Son sets free is free indeed John 8:35

Waar hoop tot aan die hemel reik

Wializé Rocher, Gemeente Heidelberg

In die skemer van ons pragtige dorp, Heidelberg in Gauteng, wat liefdevol teen die Suikerbosrand leun, word 'n groot projek van hoop en vernuwing ontplooi. Soos die digter AG Visser ons laat weet in sy treffende verse, is daar 'n besliste strewe om die gees van hoop te herstel en die dorp tot sy vorige glorie te verhef.

Hierdie inisiatief spreek van 'n kragtige gemeenskap, geanker in solidariteit. Ondanks teenkanting, span mense van alle kleure en geure, gelowe en kulture saam om 'n verskil te maak. Elke daad van deelname dra by tot die herstel van ons dorp en die hervestiging van hoop in die harte van ons mense.

Heidelberg Hope is 'n skitterende voorbeeld van toewyding aan die herlewing van hoop. Met onbaatsugtige opoffering verf hulle strate, verfraai hulle sypaadjies, skep hulle parke van vreugde en kweek hulle gemeenskaplike groentetuine. Dit is 'n getuienis van liefde en herstel wat ons almal inspireer om ons beste voet vorentoe te sit.

As 'n gemeenskap, verteenwoordig deur die Hervormde Kerk Heidelberg, is ons bevoorreg om deel te wees van hierdie werk. Ons neem verantwoordelikheid om ons omgewing te verbeter, en vee eers voor ons eie deure. Elke sypaadjie wat ons verfraai, elke blom wat ons plant, dra by tot die groter prentjie van vernuwing en hoop.

Die muurkunsprojek, gelei deur plaaslike kunstenaars, is 'n treffende uitdrukking van ons geloof en ons hoop op 'n beter toekoms. Die leuse van die projek, *Waar hoop tot aan die hemel reik*, herinner ons daaraan dat ons hoop nie beperk is tot aardse dinge nie, maar dat dit 'n kosbare geskenk is wat gedeel moet word.

Ons vind ook hoop en krag in die Woord van God. Die Skrif verseker ons dat die Here hoor wanneer die regverdiges om hulp roep, en Hy red hulle uit al hul benoudhede. Ons word aangemoedig om moedig te wees, want die Here, ons God, is altyd met ons.

Laat ons eenvoudige gebare 'n ewigdurende bron van hoop wees. Mag die impak nie net blywend wees op ons mure en sypaadjies nie, maar ook in die harte van ons gemeenskap.

Laat ons ook nie vergeet nie om na ons eie harte te kyk. Ons moet sorg vir ons eie geestelike welstand en ons vertroue in God se beloftes versterk. Net soos Jo Black se liedjie *Bring die hoop weer terug* ons herinner:

Hoop. Wat is hoop?
Dis die wens dat die son weer opkom.
Hoop. Wat is hoop?
Dis dat vrede by ons uitkom.
Bring die hoop weer terug.

Laat ons voortgaan om hierdie wens van hoop te koester en te versprei, en mag die graffiti van hoop reflekteer in die harte van almal wat ons ontmoet.

Amen.

SP Engelbrecht-museum

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Hierdie maand plaas ons nommer vyf van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Voorheen het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van die reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Gaan kyk gerus hier na vorige artikels en besoek die Museum se Facebookblad hier.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

KERKHERVORMING

1517

Die Skrif alleen

Sola Scriptura

Die geloof alleen

Sola Fide

Die genade alleen

Sola Gratia

Christus alleen

Solus Christus

Maarten Luther
1483-1546

Kaart: Europa in die Hervormingstyd



Johannes Calvyn
1509-1564



NHSV Streekbyeenkomste

Hoëveld **Marna Wolmarans, Streekvoorsitter**

Die **Hoëveldstreekbyeenkoms** het plaasgevind by Gemeente Eendracht in Leandra. Soos altyd was dit feestelik, gesellig, inspirerend en smullekker. Die oggend het koel begin, maar later het die sonnetjie gelukkig heerlik geskyn en die oggend ekstra spesiaal gemaak. Ons het selfs 'n "regte" fotograaf gehad wat nog al die formele foto's sal deel. Baie geluk aan die nuwe Bestuur onder nuwe leiding van Hannetjie Jansen van Rensburg van Delmas. Die ander dames in die Bestuur is Ina Britz en Chrisca Streicher van Gemeente Eendracht en ds Liza Jansen van Witbank-Suid.

NHSV Streekbyeenkomste

Noord-Kaap **Marietjie Schutte, Streekvoorsitter**

Noord-Kaapstreek se byeenkoms is op 3 Augustus deur die Christiana-tak aangebied. Dit was 'n heerlike kuieroggend met 28 dames, waarvan die verste van Tosca gekom het en Mari-lizé, wat dit vanaf Pretoria bygewoon het.

Mara en Letitia het ons vergas met hul sangitems, terwyl Joretha Prinsloo 'n humoristiese skets gelewer het oor 'n inklimgordel. Haar skoondogter, Anna-Karien, het ons kom toespreek oor trauma en verliese en die invloed wat dit op ons liggaam, emosies en gees het en hoe om dit te hanteer.

Mari-lizé het die dames meer vertel van die werksaamhede van die NHSV en daar was ook 'n uitstalling om te wys hoe lede van Christiana se gemeenskap met hul talente woeker.

Elke gas het ná 'n heerlike middagete ook 'n sakkie met "padkos" ontvang.

Dit was weer eens 'n geslaagde bymekaarkom van gelowige dames. Ons hoop om met ons volgende byeenkoms nog meer dames uit ons uitgestrekte streek teenwoordig te hê.

NHSV Streekbyeenkomste

Wes-Rand **Ronél Bezuidenhout, NHSV Dagbestuur**

Krugersdorp-Wes, wat deel is van die **Wes-Randstreek**, het ons bederf met heerlike eetgoed en hope pitkos. Ds Annézel Meiring se preek het gehandel oor die geskiedenis van Ester. Hoërskool Noordheuwel se a cappella-groep, onder leiding van Rianda Geldenhuys, het hul program vir die ATKV-kompetisie aan ons voorgehou, en Doné van Wyk het ons geïnspireer met 'n puik aanbieding. Daar was 48 dames teenwoordig.

NHSV Streekbyeenkomste

Oos-Rand

Wializé Rocher, NHSV Dagbestuur

Oos-Randstreek het 'n wonderlike stylvolle oggend gehad by Gemeente Nigel. Alles was so keurig en ons spreker, Brescia van Semicolon Marketing and Events, het ons harte diep geraak met haar verhaal van hoop en opstaan as jy geval het. Ek is nederig dankbaar. Ons was 74 vroue bymekaar.

NHSV Streekbyeenkomste

Wes-Kaap **Ds Hannelie Botha**

As ek val, sal ek weer opstaan

As ek val, sal ek weer opstaan

Streekbyeenkoms Wes-Kaap: 24 Augustus 2024 **Opening deur ds Manda le Roux, Gemeente Weskus**

Skriflesing uit Miga 7: 1-10

In Miga se vertelling sien ons dat die volk in haglike omstandighede is. Miga sê dat hy soos die natrossie geword het. Die groot oes het plaasgevind, maar hy het agtergebly. Sonder funksie. Betekenisloos. Hy sê daar is nie meer 'n gelowige in die land nie. Almal stel strikke om moord te pleeg, niemand kan vertrou word nie. Huismense (dié wat die naaste aan jou is) kom in opstand teen mekaar. Haglike omstandighede.

En hoe lyk ons omstandighede vandag? Uit mense se gesprekke hoor ons die refrein van stukkendheid en gebrokenheid. Die land se situasie is haglik, en mense se persoonlike omstandighede lyk maar dieselfde. 'n Tannie bel my met die boodskap: My tweede seun is ook dood. Elkeen se omstandighede het sy eie seer en stukkendheid. Jy het jou eie lysie. Ek wil die voorbeeld van Bach gebruik: Hy het 11 kinders en 'n vrou aan die dood afgestaan. Mense vra hoe oorleef 'n mens dit… hoe hou jy aan met leef? Leonard Cohen sing almal is stukkend, maar dit is hoe die lig inkom. Dit is die storie van menswees. Ons leef in 'n gebroke wêreld.

Miga doen presies wat van hom as profeet verwag word. Hy tree op as tussenganger tussen God en sy volk. Hy stel God se saak, maar dan gaan hy ook na God toe, en ons lees van sy verhouding met God. Hy stel sy vertroue in en verwagting op God se genade wat weer sal vergewe en vernuwe. Hy gryp vas aan God se genade. Hy vertrou en wag op God wat gaan red. Hy bid tot God en doen die belydenis dat as hy val, sal hy weer opstaan. Hy bely dat God oorwinning sal gee. Dit is hoe sy geloofsverhouding met God lyk. 'n Verhouding van vertroue op God, gebed tot God en vasgrype aan sy genade maak dit moontlik om op te staan wanneer 'n mens geval het.

Bach verloor 11 kinders en 'n vrou! Hoe oorleef hy dit? Sy musiek was sy lewe. Aan die einde van elke musiekstuk skryf hy die woorde *Soli Deo gloria*… aan God die eer… en aan die begin *Lord help me*… Sy musiek was vir hom 'n gebed. Dit was hoe hy God geëer het.

Dit is ook die enigste manier hoe ons kan opstaan nadat ons geval het. In 'n vertrouensverhouding met God. Deur vas te gryp aan sy genade. Ek wil 'n paar beelde gebruik om hierdie beginsel vas te knoop.

In verhouding met God is ons soos 'n waterlelie (*lotus flower*) wat uit modder kan opspring en die mooiste blom kan voortbring. Hy gee vir ons opstandingskrag. Dit vra van ons waagmoed om op te staan. Moenie

As ek val, sal ek weer opstaan

tevrede wees om te bly lê nie, hou aan tot jy jou droom bereik.

Daar is 'n Japanse kunsvorm genaamd KINTSUGI – om stukkende potte te herstel met goud. Dit leer ons om ons foute en tekortkominge te omarm. Al is ons stukkend, kan ons heel word en sterker groei en ons lewens mooier maak. Stukkend is nie die finale produk nie. Restourasie is moontlik. God hervorm en herbou ons met sy Gees wat in ons is. Laat toe dat Hy so met jou werk.

Miga hou aan om met God te praat. Bach se musiek, sy lewe, is 'n gebed voor God. Ons kan nie sonder gebed vorentoe gaan nie. Corrie ten Boom skryf die misterie van gebed is dat jy verskuif van een werklikheid na 'n ander werklikheid. Jou wêreld, waar alles onmoontlik lyk, los jy agter, en jy skuif in God se werklikheid in waar alles moontlik is. Hy spesialiseer in die onmoontlike. Niks is te groot vir sy mag nie en niks is te klein vir sy liefde nie. Moenie die krag van gebed onderskat wanneer jy plat op die vloer is nie. Verskuif na God se werklikheid toe.

En dan die laaste beeld – om by ons harte uit te kom. Stukkendheid sny tot in die hart van ons menswees. Ons harte voel gebroke. Toe God vir Salomo sê dat hy enigiets kan kry wat hy vra, het hy gebid vir 'n opmerksame hart. 'n Hart wat reg sal spreek tot God. 'n Hart wat tussen goed en kwaad kan onderskei. En dan staan daar dat God bly was oor sy versoek. 'n Gesonde hart is belangrik.

Dit is nodig om jou hart met God te deel, en met mense. Dit is nodig om van jou stukkendheid te deel met God en met mense. Ons het almal ons stories wat ons menswees opmaak. Ons moet dit in veilige ruimtes kan deel. Om jou storie in 'n veilige ruimte te deel, is soos om 'n stukkie van jou menswees aan dié van ander vas te werk. My hartskombers word deel van jou hartskombers. Dit gaan oor 'n konneksie of samehorigheid met ander, 'n gemeenskap van gelowiges, en om spasie te gee dat iemand gehoor word. Binne 'n sirkel van vertroue wys ons ons harte vir God en vir mekaar en werk ons ons hartskomberse aan mekaar vas. Ons harte kan gesond word wanneer ons dit deel met God en ander gelowiges. Mag God ook so vir jou heling in jou hart bring.

Heling is moontlik wanneer jy in 'n vertrouensverhouding met God leef. Net by God kan ons opstaan wanneer ons geval het. Dit is altyd by Hom moontlik.

AMEN.

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, Wializé Rocher, ds Carel Johann de Bruin, Ronél Bezuidenhout, Marietjie Schutte, Marna Wolmarans, ds Manda le Roux
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

www.nhsv.org.za	***Posbus 111, Worcester 6849***	*diechristelikevrou@gmail.com*
diechristelike	*Christelike Vrou*	***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.